Vyfde uitgawe
2017

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur.	1
Briewebus	2
Vergadering 2 September	3
Vergadering 7 Oktober	28
Kalender	40
Sorgskedule	41
Snippets	42

From the editor

Bonsai friends

Inspiration. What does that mean?

If you look up synonyms for the word you get words like stimulus, motivation, stimulation, encouragement, creativeness and inventiveness.

Some people just have those characteristics naturally. Some, like teenagers, needs to sometimes be pushed and shoved by parents, teachers or peers to get it.

Some need to just come into contact with something and the little flame that was burning suddenly becomes a massive fire.

I think that is what our show have done to people this year. Not only has it inspired us as members of the Kai but also the general public.

The reaction we have received from people who are interested in bonsai and in joining the Kai is an indication of this. We have received e-mail addresses and/or applications of eighteen people who visited the show.

Well done members with a great show!!

Jaco

"There are no borders in bonsai. The dove of peace flies to palace as to humble house, to young as to old, to rich and poor. So does the spirit of bonsai."

- John Yoshio Naka

Briewebus / Vra is Vry

Goeie middag Jaco,

'n Tydjie gelede is daar 'n "dig" by Zeerust gereël deur Vorster. Soos gewoonlik was Org en Kobus, Marianne en Ianne se name eerste op die belangstellendes se lys. Donderdag, net voor die "dig", het ek daarin geslaag om Francois Viljoen se arm te draai om saam te gaan. Ek moet sê, dit het nie veel draaiwerk gekos nie. Daar is aanvanklik besluit dat die Erwee's die Saterdagoggend sou deur ry, die "dig" bywoon, en dieselfde aand sou terug ry. Gelukkig het ons daarteen besluit en al die Vrydag middag in die pad geval. Ons het op die plaas Doornrivier se kampeerterrein kamp opgeslaan. Die Vrydagaand was net die Erwees en 'n ene mnr. Viljoen in die kamp. Die ene mnr. Viljoen was so eensaam dat hy maar 'n groot vet spinnekop maatjie in sy tent ingenooi het om hom warm te hou (Hy het haar kamstig eers Sondag ontdek toe ons kamp opbreek, asof ons hom nou sal glo)

Vroeg die Saterdag oggend het ons opgespring en gewag vir Vorster, wat besluit het dit is wys om vanaf Pretoria deur te ry, en vir Org, wat besluit het hy slaap liewer op 'n ander plaas waar hy 'n kans kon kry om te jag. Gelukkig was hulle so teen 09:00 daar. Ons het al 'n tjopper gestuur om na hulle te gaan soek.

Uiteindelik het die "dig" amptelik begin. Vorster het voor gery. By die eerste donga, skaars 'n kilometer vanaf die kamp het ons gestop om na 'n paar boompies te kyk. En daar het ons vir die res van die dag gestaan, al grawend.

Ek wil vir Vorster bedank dat hy vir ons die "dig" gereël het. Ek wil ook my mede molle bedank vir die lekker gees waarin die "dig" plaasgevind het. Ek sal enigetyd weer saam met die molle gaan grawe.

Kobus Erwee

Links: Francois met ’n deel van sy oes.

Regs: Die Erwee’s met hulle oes.

Ons het dit reggekry om vir Francois te oortuig dat hy daai ding nie kon plant nie, hy kon hom wel ‘n cascade van hom maak, nogal maklik gebuig, geen draad nodig gehad nie.

Vergadering van 2 September 2017

Vergadering van 2 September 2017

Mini uitstalling by die vergadering.

Bo: Hierdie is ’n Kanniedood wat Louis 3 jaar gelede van ’n steggie gegroei het.

Bo: Hierdie Apiesdoring van Louis is sowat 7 jaar oud en is by ’n kwekery gekoop.

Bo: Hierdie Kei-appel (Dovyalis caffra) het Koos in 2000 as ’n klein plantjie in Stilbaai gekoop.

Onder: Vorster Fourie het die Olien in 2008 naby Rustenburg uitgegrawe. Hy het in 2013 begin styl aan die boom.

Vergadering van 2 September 2017

'Tip of the month' - Deur Rolf Wuest

Rolf sê dat baie van ons ons boompies uitstal, hetsy by die skou of vir onsself by die huis, en nie uitstal tafeltjies het nie. Om 'n boom op 'n tafeltjie uit te stal laat die boom net soveel beter lyk as daarsonder. Maar hoe gemaak? Tafeltjies is eerstens skaars om in die hande te kry en tweedens redelik duur om te koop.

Rolf het besluit om sy eie tafeltjies te maak. Sy eerste tafeltjie was 'n ou broodplank wat sy vrou uitgegooi het. Maar jy kan mooier 'planke' koop, en laat sny tot presiese groottes wat jy verlang by hardeware winkels. Dan is daar 'n groot verskeidenheid vernis met baie keuses van kleure wat jy kan gebruik om die plank 'n mooi kleur te gee. Rolf het gewys dat jy eers 'samples' kan kry van vernis om die kleure te toets en hy het die groot verskeidenheid kleure gewys.

En daar is 'n groot verskeidenheid 'pootjies', wat ook by hardeware winkels beskikbaar is, wat jy sommer met 'n goeie lym kan vasplak aan die plank.

Maak jou eie tafeltjies, jy kan dit redelik goedkoop doen en dit is lekker om dit self te maak. Om 'n boom op 'n tafeltjie te plaas is soveel beter as daarsonder.

Dankie Rolf vir die raad.

A bonsai display table is a piece of furniture used as an aesthetic style element for the targeted appreciation of a bonsai.

Vergadering van 2 September 2017

Die aanbieder van die vergadering was Louis van der Walt. Die tema was “Inspirasie uit die natuur vir Bonsai”. Louis het ’n baie volledige ‘Power point presentation’ gedoen waarvan dele hier geplaas word. Louis het 182 foto’s gebruik en te verstane kan nie almal geplaas word nie en is die wat geplaas word ook heelwat verklein. Daar is ook baie inligting gedeel gedurende die praatjie wat nie in die aanbieding was nie en ook nie hier weergegee word nie. Heelwat van die foto’s wat in die natuur afgeneem is is deur Louis self afgeneem.

Vergadering van 2 September 2017

NATUURWONDERS –BOME

GROOTSTE BOME OP AARDE –CALIFORNIA REDWOOD

VAN DIE OUDSTE BOME OP AARDE –OLYFBOME IN DIE MIDDE OOSTE (6000J)

MAME BONSAI BOOMPIE

Vergadering van 2 September 2017

Trees are one of God's most impressive creations, and bonsai growers throughout the world have been inspired by these masterpieces to create their own bonsai masterpieces.

In his book, "Bonsai Techniques 1", John Naka starts the section on different styles in bonsai by saying that: "It is fascinating to make a study of nature's trees and visualize bonsai shapes".
Not all trees in nature have enough visual impact to inspire a new style.

Although bonsai originated in China, the Japanese have had the biggest influence on the bonsai concept and philosophy as we know it today. Likewise, Western bonsai growers, especially the Americans, have been influenced by their environment and culture to develop a new way of expressing this oriental art-form.

Similarly Charles created new indigenous African styles like the Baobab, the Pierneef, the Flat Top, the Busveld, the Wild fig and others as the climate and tree shapes are in Africa totally different to those found in the Northern Hemisphere.

Bonsai is a piece of nature. More than that, a Bonsai tree is an artwork that expresses our love and adoration of nature.
To get inspired for creating Bonsai trees nothing is more relevant than watching natural scenes and landscapes and keeping the images inside your head. Whenever you get the opportunity to enjoy your natural environment or to travel and see foreign landscapes, take it and use it.

Vergadering van 2 September 2017

The variety of landscapes

There are so many different landscapes that can be depicted by the means of Bonsai and it is very helpful to have seen and internalized natural examples of the basic Bonsai styles and their typical surroundings.
Mountain scenes are an important subject of Bonsai compositions. Walk and climb in a mountain scene or keep your eyes open while skiing and you will see the landscape with different eyes! Old conifers, amazing rocks, centuries old deadwood with stunning textures, extreme tree shapes produced by harsh weather conditions, storms, snow burdens, avalanches, falling stones. Look out for natural cascades and semi-cascades growing from sheer rock walls.

Vergadering van 2 September 2017

Take a lot of photographs to refresh your memories at home! In the lowlands you will also find a lot of interesting trees and landscapes. Huge old deciduous trees on a pasture, fabulous forests or villages with lovely flowering and old fruit-bearing trees on farms or in gardens. Always carry your camera with you when you go for a walk and capture every scene you might find inspiring.
When you go to the seaside, look out for coastal forests and dramatically windswept trees! Those shapes are fascinating and they are very difficult to create as a Bonsai convincingly. Natural examples can help a lot to understand what it is about.

Inspiration for your trees

Don't miss the little details, carry a macro lens with you and also take photographs of the little details like bark patterns, decaying deadwood, leaves, flowers and fruit. Watch the typical growth pattern of the tree species, the trunk and branch shapes, foliage pads and ramification.
Recognize and remember the weeds and herbs that grow around certain trees, the lichens, mosses and ferns which come with a special type of tree or landscape. Also be aware which animals like to hide in the foliage or eat the seeds or fruit of the different tree species.
All this knowledge will help you to create a convincing and captivating Bonsai tree and also one day to set up the perfect Bonsai display for an exhibition.

Vergadering van 2 September 2017

LIGENE EN MOS OP STAMME



'N PAAR NATUURTONELE UIT VERSKILLENDE WERELDDELE

AMERICA - JUNIPER

SUID AFRIKA - KREMETART

TANZANIA - HAAK-EN STEEK

Vergadering van 2 September 2017

AMERIKA -YELLOW STONE

AMERIKA –UTAH

If you like imported Asian or tropical tree species from far away countries you have never been then at least look at lots of photographs of their natural habit and their typical landscape. You will find a lot of pictures in the internet, in illustrated books or in tv documentaries.
Try to travel as much as possible, walk and discover all the beauty and surprises nature supplies. Take it in with all your senses, watch, feel, smell, taste!

(Source: Bonsai Empire)

"AANHALING"

By studying the various tree forms the bonsai artist is able to take an untrained plant and copy one of natures forms:the process is called styling. Roy K Nagatoshi

Vergadering van 2 September 2017

BASIESE BONSAI STYLE

Over the years many styles to classify Bonsai trees have been advanced, closely resembling circumstances in nature. These styles are open to personal interpretation and creativity, meaning that trees do not necessarily need to conform to any form.
Still, the styles are important to gain a basic understanding of shapes and should serve as guidelines to successfully train miniature trees.

(Source: Bonsai Empire)

Despite a multitude of Bonsai styles, only five main styles form the back bone of all the styles.

Formal upright or Chokkan style

Informal upright or Moyo - Gi style

Slanting or Shakani style

Semi Cascade or Han - Kezigas Style

Full Cascade or Kengas Style

SEKONDERE OF SUBSTYLE

Daar is 'n legio van hierdie style wat aan die verbeelding oorgelaat is. Goeie verbeelding is nodig om hierdie style te koppel aan die hoof- of primere style
Voorbeelde:

Literatie
Windswept
Omgevalle boom
Deadwood and jin
Phoenix graft
Wortel oor klip
Blootgestelde wortels
Verwronge stam-Twisted trunk
Clump
Blom Styl
Boom in klip
Veelstammig
Ens,ens.ens

Verwys asb na Charles Seronio se boek "BONSAI STYLES OF THE WORLD" vir letterlik nog tientalle style.

Vergadering van 2 September 2017

AFRIKA STYLE



Platkroon

Wonderboom

Bosveld

Pierneef



Kremetart

VERVOLGENS:

VOORBEELDE UIT DIE NATUUR EN DIENOOREENKOMSTIGE BONSAI ONTWERPE EN KOMPOSISIES

Vergadering van 2 September 2017

FORMEEL REGOP

INFORMEEL REGOP



Vergadering van 2 September 2017

SLANTING

KASKADE EN SEMIE KASKADE

Vergadering van 2 September 2017

KREMETART STYL



BOSVELD STYL

Vergadering van 2 September 2017

PIERNEEF STYL

Vergadering van 2 September 2017

LITERATI

CLUMP

Vergadering van 2 September 2017

OMGEVALLE BOOM

VEELSTAMMIG

Vergadering van 2 September 2017

BOOM IN KLIP

Vergadering van 2 September 2017

NATUURTONELE

WOUDAANPLANTINGS

Vergadering van 2 September 2017

WORTEL OOR KLIP

Vergadering van 2 September 2017

BLOOTGESTELDE WORTELS

DEADWOOD AND GIN

GIN

Vergadering van 2 September 2017

DEADWOOD

BOGRONDSE WORTELS

Vergadering van 2 September 2017

VERWRONGE STAM

WINDVERWAAID

Vergadering van 2 September 2017

GETREF DEUR WEERLIG

NATUURTONELE MET N BONSAI BOOMPIE

+

ALLE INSPIRASIE VIR STYLERING VAN BONSAI IS DIREK OF INDIREK TE-RUGSPOORBAAR NA DIE NATUUR
HOE GROTER JOU BELANGSTELLING, PASSIE EN BLOOTSTELLING VIR BOME EN NATUUR IN DIE ALGEMEEN IS, HOE MAKLIKER IS DIE INSPIRASIE OM N MOOI BONSAI TE ONTWIKKEL. ♣

Vergadering van 7 Oktober 2017

'Tip of the month' - Deur Una de Wet



Una sê dat sy die vorige somer verskriklik probleme met Witvlieg op haar bome gehad het. Sy sê dat sy insekdoder gespuit het maar na so twee maande was hulle terug. Hulle veroorsaak so swart taai aanpaksel op die stamme en blare. Dit lok weer ander 'goggas' wat die 'honeydew' eet.

Una kom toe agter dat die Witvlieg in die groot bome in die omgewing is en veral in Witstinkhout bome. Om alles te kroon kry van haar bome toe nog swart roes ook.

Una sê dat een van die beste middels om te gebruik teen hierdie 'goggas', soos luise, dopluis, witvlieg ens is Koinor. Jy moet dit aan die begin van die Seisoen toedien (nou, einde Oktober, is nog goed) en dit is aktief vir so ses maande.

Vergadering van 7 Oktober 2017

Louis vertel dat hy ’n Vyeboompie van sy dogter moes versorg en hy het die boompie langs sy vis-dammetjie gesit. Die boompie se wortels het uit die pot gegroei en nuwe boompies gemaak. Hierdie is een van daai nuwe boompies wat Louis so 10 of 12 jaar terug ge-oes het.

Christa het hierdie Azalea 18 jaar gelede by Ma-goebaskloof as ’n klein plantjie in ’n swart sakkie gekoop.

Hierdie Bergkaree het Philip as klein plantjie by oorlede oom Theuns gekoop. Die boompie is seker nou so 15 jaar oud.

Louis het hierdie Olien 5 jaar gelede by Rustenburg gegrawe. Hy het die boom hierdie jaar vir die eerste keer in ’n bonsai pot geplant.

Vergadering van 7 Oktober 2017

Hierdie is ’n Rooi-ivoor van Louis en hy werk nou so 9 jaar aan hom en het hom by ’n kwekery as klein plantjie gekoop. Louis sê die boom word erg deur peste gepak…..

Bo: Org se Pyracantha is so 15 tot 20 jaar oud. Die boom het verlede jaar amper gevrek en het nou eers weer herstel. (Wys jou, tot die ervare manne verloor nog somtyds bome)

Esther het hierdie ‘Root-over-rock’ vytjie twee jaar gelede by ’n vergadering gedoen toe ‘Root-over-rock’ die tema was. Hy was van toe in ’n swart sakkie en is onlangs eers in ’n bonsai bak geplant.



Willie het hierdie Olien begin as vuurhoutjie dikte boompie sodat hy hom so in die Horai styl kon buig. Die boompie is so 10 jaar oud.

Vergadering van 7 Oktober 2017

Hierdie Geelbeesklou van Louis het hy so 5 jaar gelede by ’n kwekery gekoop. Die botaniese naam is Bauhinia tomento-sa.



Willie sê die Olien van hom is te lelik om te hou maar te mooi om weg te gooi……Dit lyk vir hom soos ’n boom wat deur ’n tornado bygekom is. Die boom is so 22 jaar oud.

Hierdie Deurmekaarbos het Louis uit die tuin gegrawe so 9 jaar gelede. Die een kant van die boom is heeltemal dood. (Ons weet egter uit die verlede dat Louis al bome gehad het wat heeltemal dood was en dan weer begin groei het…….)



Regs is die Huilboer-boon wat Louis met “Round-up’ gespuit het en wat toe (amper) gevrek het. Sien Louis, die Deur-mekaarbos bo sal seker ook weer groei.

Vergadering van 7 Oktober 2017

Die tema van die vergadering was die “CLUMP STYLE’ vir bonsai en is deur Francois van As aangebied. Onder word ’n deel van Francois se ‘Powerpoint’ aanbieding geplaas. Die kwaliteit van die foto’s is baie verminder sodat dit geplaas kon word.

Clump style

Robert Steven’s principle message:

Any shape or style of a tree in nature is not miraculously formed; there are always horticultural clues behind the present form.

Three aspects ***form*** *the style of a tree,*

- *the nature of the species,*
- *the condition where it grows, and*
- *the exterior influence.*

To create a good bonsai there are three aspects to follow;

- *artistic beauty,*
- *horticultural clues, and*
- *thematic messages.*

Vergadering van 7 Oktober 2017

Listen to the tree,
it tells you where
it wants to go!

John Naka

Op soek na die Afrikaanse term:
- *Bos*
- *Plantegroep*
- *Boomgroep*
- *Verklomp*

Pieter Laubscher se boek = Spruitstyl

Bonsai Techniques – John Naka = "Sprout" style

What is the clump style?

When a cone or fruit containing several seeds falls in fertile soil and several trees grow at the same time, they may merge to form a tree with multiple trunks. Each trunk naturally bends outward from the group to reach for the light. The clump style in bonsai is created by planting a number of seedlings tightly together and styling them to form outward-reaching trunks.

"Clump style bonsai should have three or more (an odd number) trunks grown from a single point. The natural equivalent might be a group of trees that have sprouted from a single cone, or a collection of mature suckers springing from the base of a single tree (in both cases they all share the same roots). All branches should grow outwards towards the light and create an overall triangular shape and composite crown...." (Bonsaibark)

Vergadering van 7 Oktober 2017

Spruitstyle in die natuur

Spruitstyle as bonsai

Vergadering van 7 Oktober 2017

Tegniek om ’n bonsai in die spruitstyl te ontwikkel

Die voorbeeld toon drie “maples” wat deur gate in ‘n plank gedruk is en toe in diep grond geplant is om vinniger diktegroei te kry (Jan 2003).

Die plank het na 4 jaar begin verrot.

Beter om ‘n ou keramiek teël te gebruik

Die drie boompies is in ‘n diep houer geplant.

Die bokant van die plank is met ongeveer 75mm diep grond bedek.

Die stamme sal met tyd dikker groei en die gate in die plank vul. Die stamme sal ook nuwe wortels bo-op die plank begin groei.

Februarie 2004 is die boompies uit die houer gehaal.

Die foto wys hoe die wortels aan die bokant van die plank ontwikkel het.

Die wortels is mooi oor die plank gerangskik waarna die boompies weer geplant is. Weereens 75mm diep grond bokant die plank.

Vergadering van 7 Oktober 2017

Tegniek om ’n bonsai in die spruitstyl te ontwikkel

November 2004 is die boompies weer uit die houer gehaal om te kyk hoe die wortels gegroei het.

Die wortels is weer gerangskik waarna die boompies weer geplant is.

Februarie 2007 toon min wortelontwikkeling rondom die kleinste boompie.

Die ontwikkeling van die wortels hang af van die bo-groei.

Die wortels is weer gerangskik om beter verspreiding te kry.

Die wortels aan die onderkant is afgeknip.

Vergadering van 7 Oktober 2017

Tegniek om ’n bonsai in die spruitstyl te ontwikkel

Die boompies is weer in ‘n groeipot geplant om verder te ontwikkel.

Die ontwikkeling van ‘n azalea in die spruit styl

Die wortelmassa

Vergadering van 7 Oktober 2017

Tegniek om ’n bonsai in die spruitstyl te ontwikkel

Wortelmassa van onder

Nebari en stamverbinding

Verwyder van onbruikbare suiers

Plant in tydelike houer

Pas verfyningsgroei toe

Keuse vir ’n voorkant

Vergadering van 7 Oktober 2017

Tegniek om ’n bonsai in die spruitstyl te ontwikkel

Dikker en langer stamme

Dunner en swakker stamme agter

Twee stamme aan buitekant het beweging uitwaarts

Francois het die tegniek demonstreer op Vye steggies wat hy gesny het.



Francois het ’n “CD” gebruik waarin hy gate geboor het. Let wel dat die gate oneweredig versprei is. Die “CD” word dan bo-op die groeimengsel in ’n bak geplaas, so helfte van die bak. Dan word die steggies deur die gate gesteek tot in die groeimedium. Jy kan eers ‘rooting hormone’ aan die punte sit as jy wil.

Die groeimedium word dan opgevul tot byna die bokant van die bak. Francois het met ’n nuwe (blou nogal) seëlmiddel wat hy raakgeloop het die boonste punte van die steggies geseël.

Nou word die hele spul klam gehou en duimvas gehou dat al die steggies groei. ♣

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in November en Desember

November word beskou as laat lente terwyl Desember die somer inwy. Die tabel hieronder toon dat warm temperature ons voorland gaan wees, wat beteken dat die grond in ons bonsaipotte vinnig kan uitdroog. Watertoediening is dus van uiterste belang. Lig speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van lote en moet buitenshuise bonsai gereeld gedraai word om enige wanbalans in takvorming te voorkom. Doen gereeld inspeksie en pas konstante verfyningsnoei toe. Die lote van bladwisselende bome kan teruggesnoei word tot een of twee pare blare wat vertakking en die verkleining van blare teweeg sal bring. Nuwe groei by naaldblaarbome moet ook konstant teruggepluk word. Indien daar gevoel word dat jong takkies nou reeds bedraad moet word, moet daarop gelet word om die draad nie te styf om die takkie te draai nie. Die vinnige groei wat nou plaasvind sal maak dat die draad maklik insny. Dit is 'n belangrike tyd van die jaar vir voeding en die meeste bome moet regdeur die somer bemes word. Bladwisselende bome kan seewierekstrak (Seagro), 2:3:2 en L.A.N afwisselend elke maand ontvang terwyl Naaldblaarbome 3:1:1 of seewierekstrak toegedien kan word. Warm, vogtige toestande bevorder peste, hou dus dop en behandel vroegtydig.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
November	27	16	9	12	61-100mm
Desember	28	17	9	15	101-200mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

Bonsai-groete

Francois

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

Snippets

Our Environment.

Summer is here and when we are hot and thirsty a cold beer is great!

You can make sure that your beer is 'green' - meaning, earth-friendly.
Opt for an organic brew. When grown commercially, beer ingredients can be chock-full of pesticides and chemicals. Do yourself and mother earth a favor by choosing beers made with fresh, pesticide-free hops, wheat, and barley.
Make sure your beer contains no artificial flavouring, additives or preservatives; only natural ingredients: like quality malted barley, maize, hops and water.

Inspirasie uit die natuur

Hier is 'n voorbeeld van 'n natuurlike Besemstyl wat ook sommer 'Root over rock' is.

Die boom is 'n soort Vy en is op 'n plaas Noord van Louis Trichardt afgeneem.

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.